Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

16 Augustus 2024 Uitgawe: 6/3/2024

## UIT DIE KANTOOR

Op die wysie van Appel se bekende liedjie – "Foute...

*Manne!*
*wat maak julle volgende na-week?*
*Boude!!*
*ons braai boude, skaapboude*

*Jou yster, jou bul, jou kind se held*
*Die maand is byna verby en die meeste het reeds pay ge-kry*
*Bring jou branne wyn special en bêre dit in jou cooler-gat*
*Kom neem maar die pad na die hoek van Oom Paul se straat*
*My bees, my broertjie, my ka me raad*
*Ek raak skoon opgewonde as ons oor ons nuwe sportveld praat*

*Kom kyk na ons planne*
*vir die bekendstelling op daardie dag*
*Want hulp en ondersteuning loop hand aan hand*

*wat maak julle volgende na-week?*
*ons braai boude, skaapboude*

Ons herinnner u graag aan ons Tjokkie messebraai vir al ons pappas en vriende. Dit gaan 'n heerlike lekker kuieraand wees vir al ons pappas om die spitbraai-vure.

**Kunswedstryd**
Baie geluk aan elke leerder wat Tjokkies gaan verteenwoordig het by vanjaar se Kunswedstryd. Ons musiekleerders het pragtige punte behaal. 'n Groot woord van dank aan Juffe. Hanlie Dippenaar en Marietjie Langenhoven wat uitstekende werk gedoen het om ons kinders voor te berei vir hierdie optredes. Sien die uitslae hierby aangeheg. Ons sien ook baie uit na ons Musiekaande wat 11 & 12 September plaasvind waar ons kinders weer die geleentheid gaan kry om hul talente ten toon stel.

**Sport**
Augustusmaand staan einde se kant toe en so ook die hokkieseisoen. Slegs enkele ligawedstryde bly nog oor, asook twee festivals wat oor die volgende twee naweke gaan plaasvind.

Ons tennisspanne vertrek volgende week op hul toer na Cradock waar hulle aan 'n toernooi gaan deelneem. Baie sterkte aan ons kinders wat ons ook op die tennisbane gaan verteenwoordig.

**Akademie**
Die komende week hou Tjokkies 'n Engelse week waar ons graag ons leerders meer vertroud wil maak met Engels wat ook die skool se eerste addisionele taal van onderrig is. Daar is 'n heerlike en interessante program wat uitgewerk is vir die leerders. Moedig ook u kind aan om na skool u meer in te lig oor die dag se program (in Engels). Moet dus ook nie verbaas wees as volgende week se weekblad 'n Engelse uitgawe gaan wees nie.

Hierdie kwartaal se toetsreeks skop af op 28 Augustus vir ons Gr. 4-7 leerders. Die toetsrooster is reeds versprei. Leerders ontvang ook die komende week die toetswerk wat hulle asb. deeglik moet voorberei. Hierdie kwartaal is daar baie gefokus op projekte en opdragte, wat beteken leerders kan heelwat punte verdien indien hulle hul samewerking gee. Die toetse is ondersteunend tot hierdie kwartaal se verslae.

## ANDER


**Personeel**

Baie dankie aan juf. Anita Chad wat die afgelope 3 weke hier by Tjokkies ingestaan het vir mnr. Arthur Williams wat saam met sy vrou in Frankryk was vir die Olimpiese Spele. Mnr. Arthur sal weer Maandag terug wees op sy pos.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 16 Aug.: | 7's Rugbytoernooi by Bloemfontein Laer |
| | Pom poms Eisteddfod-optrede (Grey) |
| 17 Aug.: | 7's Rugbytoernooi by Bloemfontein Laer |
| | JF Hokkie festival |
| | Nautilus 3 |
| 19-23 Aug.: | Engelse week |
| 20 Aug.: | Wesgrow-liga formele prysuitdeling te H/S Sentraal |
| 21 Aug.: | Leerders ontvang toetswerk |
| 21-24 Aug.: | Tennistoer na Cradock |
| 22 Aug..: | Hokkieliga vs JF |

## VERJAARSDAE





20 Aug.: Mev. Liezl Boshoff (Admin.)

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Volgende week is Engelse week by Tjokkies, therefore:

*To all the dads out there*

*Monday is Daddy pick up day*

*See you at the gate*

*Don't be late*

*A surprise awaits…*

---

Hier volg die beloofde interessante feite oor ons McTjokkies onnie-aand ingestuur deur McDonalds:

"So, Tjokkies het 'n nasionale rekord op verkope opgestel. Daar was nog nooit 'n winkel wat R49 000 se verkope in 1 uur gedoen het nie. Aangesien ons saam met die kiosks in die winkel 11 betaalpunte het, was die stelsel so oorweldig met die groot hoeveelhede bestellings wat in 'n kort tydjie geprosesseer is. Die skerm in die kombuis was letterlik te klein en sekere van die bestellings het bloot "verdwyn". Julle het ons stelsel gecrash! 🤣🤣🤣:

1390 x Nuggets

Cappuccino x 254

2970 pakkies fries

Regular meals x 595

Medium meals x 564

Large meals x 160

Happy Meals x 339

In totaal in die omgewing van 1 500 burgers…

Dankie Tjokkie-familie!"

i'm lovin' it™

# GSF REDENAARS UITSLAE

**Graad 1:**

| ***Plekke*** | |
|---|---|
| ***Eerste plek*** | Sophia Rossouw |
| ***Tweede plek*** | Caylah Bosch |
| ***Derde plek*** | Lumé Kruger |


**Graad 2:**

| ***Plekke*** | |
|---|---|
| ***Eerste plek*** | Elani van Niekerk |
| ***Tweede plek*** | Hanné Maartens |
| ***Derde plek*** | Natalee Watson |

**Graad 3:**

| ***Plekke*** | |
|---|---|
| ***Eerste plek*** | Anke Strauss |
| ***Tweede plek*** | Lizbie Spies |
| ***Derde plek*** | Albert van der Westhuizen |

# VAN DIE MAMMAS WAT BID



Daar kom dae en nagte wanneer storms in jou hart broei, bekommenis, seer en depressie soos geil kakiebos in jou hart groei.

Dae wanneer daar soveel vrae op jou tong lê en jy als wat jou pla vir die mensdom wil sê.

Dae wanneer branders in jou oë breek en jy nie jou trane kan wegsteek nie…

Dan kom GOD se Genade-dae, wanneer dit net stil word in jou en jy Sy stem hoor…

En weet dat Hy jou styf vashou, want jy ervaar Sy liefde en Sy warmte in jou.

Ons gebed vir jou is dat daar 'n glimlag van vrede op jou gesig sal lê en dat jy sal weet dat daar iemand is wat jou altyd lief sal hê.


Psalms 107: 1

"Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie."

AMEN



Sedert '59 - 65 jaar vieringe
Vlam vat
BRENDAN
PEYPER
GROOT OPELUGSOKKIE
14 SEPTEMBER '24
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SPORTTERREIN
HEKKE OPEN 16:00
VOLWASSENES: R180
SKOOLKINDERS: R120
VOORSKOOL: GRATIS
Kaartjies beskikbaar by
Quicket
QUICK ONLINE TICKETS
KOM GENIET EN ONTSPAN.
'N AAND MET MUSIEK,
KONKAVURE,
BLÊRKAS VOORAF,
KOS TE KOOP,
SNOEPIE,
SOKKIE,
EIE BRAAIVLEIS EN VERVERSINGS -
VURE WORD VOORSIEN
#TROTSJF
Kontak: Louisa Kotzè
by 0823750031


Kia Sonet
The best just got better.
KIA
SONET GP
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


BLOEMFONTEIN
MOTORS
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za
082 446 2174


Checkers
binnekort, net om die hoek!